

## DIE INVLOED VAN McCORKINDALE SE HAWESKEMAS OP BRITSE BELANGSTELLING IN DELAGOABAAI\*

Brittanje se oorheersende belang in Suidelike Afrika het meegebring dat ook belangstellend gekyk sou word na die Portugese besittings aan die suidoos-kus van Afrika. In die verband was dit veral Delagoabaai wat in toenemende mate 'n belangrike rol in die onderlinge verhoudings van die twee lande gespeel het. Hoewel die Portugese se historiese reg oor die Mosambiekgebied moeilik betwis kon word, het die Britse Departement van Buitelandse Sake oor 'n afstandsaakte van 8 Maart 1823 beskik waarin koning Kapell sy gebied aan die koning van Groot Brittanje afstaan. In hierdie afstandsaakte word koning Kapell beskryf as „King of all the lands situated between English and Dundas Rivers on one side, and the river Mapoota on the other commonly called Temby.”<sup>1</sup> Hoewel hierdie afstand van gebied op wankelende bene gestaan het, het die bestaan daarvan genoeg geleentheid aan die Britte gebied om die Portugese periodiek te laat verstaan dat hulle nie alles te sê gehad het in die omgewing van Delagoabaai nie en was dit veral die suidelike deel van die baai wat die Britte vir hulleself opgeëis het.

Tot 'n twispunt of 'n openlike botsing tussen die twee lande het die teenstrydige aanspraak egter nie gelei nie. Dit was net onder bepaalde omstandighede wat die Britte van hulle laat hoor het en probeer het om hul regte daar te laat geld. In die loop van 1860 toe die Portugese weer openlik aanspraak op die suidelike deel van dié baai gemaak het, het die Britse Departement van Koloniale Sake dit nodig geag om die Departement van Buitelandse Sake te vra of die Portugese se soewereiniteit oor die gebied erken word en wat die politieke en kommersiële waarde van die gebied is.<sup>2</sup> Op hierdie navraag het die Departement van Buitelandse Sake nie alleen geantwoord dat die Portugese aanspraak op die gebied nog nooit erken is nie, maar het uit die antwoord ook 'n aantal interessante fasette van Britse beleid met betrekking tot die gebied geblyk.

Die belangrikste hiervan is sonder twyfel dat ondanks die Konvensie-beleid van die vyftiger jare, Brittanje nie onverskillig teenoor veral die Suid-Afrikaanse Republiek gestaan het nie. Juis toe die navraag by die Departement van Buitelandse Sake gedoen is, het die Britse Konsul in Mosambiek, sekere McLeod, die bewering wat van alle gesag ontbloot was, gemaak dat die Boere begerig was om Delagoabaai van die Portugese te koop.<sup>3</sup> Aan hierdie foutiewe inligting is van Britse

\* Die navorsing waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekening van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

1. F.O. 77/432: Afskrif van Afstandsaakte van koning Kapell aan die koning van Groot Brittanje, d.d. 8 Maart 1823.
2. C.O. 49/54: Afskrif brief van Merrivale aan lord Wodehouse, d.d. 7 Maart 1860.
3. D. W. Krüger: *Die Weg na die See*, p. 179.

kant groot waarde geheg tot so 'n mate dat toe die Departement van Buitelandse Sake op die navraag van die Departement van Koloniale Sake moes antwoord, die Republiek baie prominenter in die antwoord gefugereer het as Portugal. Groot ekonomiese betekenis soos byvoorbeeld om druk op die Republiek uit te oefen, word nie aan die gebied geheg nie behalwe „that it would prevent this locality from becoming in their or any other hands a place of export for Slaves from the Interior.” Met die oog egter op die toenemende belang van Brittanje in Suidelike Afrika en „to the doubtful nature of our future relations with the Dutch Republics, and to the evil influence of local Portuguese authority upon the prosperity of that region”, is dit die beleid van die Departement van Buitelandse Sake „that the claim of Portugal to Delagoa Bay, South of Lorenzo Marques, should not be allowed, nor consequently the projected sale to the Dutch Republics permitted to take place.”

Blykbaar het die berig oor die moontlike verkoop van Delagoabaai aan die Transvaal vir Brittanje meer kommer veroorsaak as wat hy graag sou wou erken want nog in die loop van 1860 is van Britse kant die standpunt ingeneem dat die kwessie oor die eiendomsreg op die suidelike deel van Delagoabaai, nie meer langer uitgestel kan word nie. Volgens die Departement van Koloniale Sake is 'n stadium bereik wat dit noodsaaklik maak „that the Government of England and Portugal should enter into communication with a view of determining to whom the Southern Part of Delagoa Bay really belongs.”<sup>4</sup> Voorlopig is egter nie verder in die rigting beweeg nie. Dit was in elk geval ook nie die funksie van die Departement van Koloniale Sake om onderhandelings van hierdie aard met 'n vreemde moondheid aan te knoop nie.

Waarskynlik in afwagting van die regte oomblik om met Portugal oor die besitreg van die betrokke gebied te onderhandel, is in Britse koloniale kringe aan 'n ander metode gedink om die Portugese in verband met Delagoabaai skaakmaat te sit. Vlak by Delagoabaai het die eiland Inyaka gelê wat as het ware toegang tot die hawe beheer het. Sou Brittanje hierdie eiland in besit kry, kon dit gebruik word om die Portugese „with their bad rule” te weerhou „from encroaching further south than Lourenzo Marquez”. Daarby het Britse belangstelling in die besit van die eiland egter nie geëindig nie. In dié dae is waarde geheg aan die feit dat 'n aantal belangrike riviere wat verband hou met Livingstone se ontdekkings in die binneland, net ten suide van Delagoabaai uitgemond het. Naas hierdie min of meer sentimentele oorweging, was daar ook die praktiese voordeel dat met Inyaka in Britse hande, op die eiland 'n ligtering opgerig kon word „for the requirements of the contemplated Steam Postal communication between Aden, Natal and the Cape of Good Hope.”<sup>5</sup>

4. C.O. 49/54: Minute van 6 November 1860.

5. C.O. 48/410: Bylae by brief van lord Wodehouse aan sir Frederich Rogers, d.d. 25 Julie 1861.

Afgesien van die voorgaande oorwegings was die Britse regering van oordeel dat besit van die eiland Inyaka ook „British Rights of Sovereignty over the Southern Portion of Delagoa Bay” sou beklemtoon.<sup>6</sup> Om te voorkom dat die betwiste gebied vir alle praktiese doeleindes Portugese besit sou word, is dit nodig geag „to send a Man of War with orders to hoist the English Flag in that Island.” Vervolgens het kap. Bickford opdrag gekry om die Britse vlag op Inyaka te gaan plant. Met die *Narcissus* het hy op 24 Oktober 1861 Simonstad verlaat, op 5 November die vlag gehys en Inyaka „together with the small one adjoining called Elephant Island” Britse besittings verklaar. Op 28 Februarie 1862 is die gebied by die kolonie Natal aangeheg.<sup>7</sup>

Onmiddellik nadat die Portugese van die inbesitname verneem het, is amptelik daarteen beswaar gemaak en die beswaar is op 22 Februarie 1862 deur ’n gemotiveerde protes opgevolg waarin oortuigend aangetoon is op hoe dun ys die Britte in werklikheid met die anneksasie geskaats het. In die protes word beklemtoon dat „the whole Bay of Lourenco Marques or Delagoa Bay have from time immemorial belonged to the dominion of the Crown of Portugal which was explicitly and solemnly recognised by the Government of H.B.M. in the Convention of the 20th July 1817, an International Instrument complementary to the Treaty of the 22nd January 1815 concluded between the Sovereign of Portugal and Great Britain.”<sup>8</sup> Indien die Britse regering op die protes geantwoord het, wat sterk te betwyfel is, kon die antwoord in elk geval nie opgespoor word nie.

Om een of ander rede — waarskynlik omdat dit duidelik geword het dat die sg. poging van Transvaal om Delagoabaai te koop bloot net ’n gerug was — het die hele kwessie van die besitreg van die gebied, voorlopig opgehou om ’n aktuele vraagstuk te wees. Dit was eers nadat teen die einde van Mei 1869 ’n tweede ooreenkoms tussen Transvaal en McCorkindale aangegaan is vir die bou van ’n hawe, wat Delagoabaai weer ewe skielik belangrik geword het. ’n Dag na die ondertekening van die nuwe ooreenkoms het ’n vurige Brit wat in Potchefstroom gewoon en daar sy bestaan gemaak het, ’n brief aan die Britse departement van Buitelandse Sake geskryf met die klaarblyklike oogmerk om die onderneming verdag voor te stel. Die voorgestelde hawe, so skryf hy, sou deur Transvaal gebruik word om al sy benodighede in te voer „thereby evading the duties now paid to Colonial ports.” Om die erns van die saak op ’n afdoende wyse by die Britse regering tuis te bring,

6. C.O. 405/7, No. 152: Konsep-brief van hertog van Newcastle aan lt.-goew. Scott, d.d. 4 Oktober 1861.
7. C.O. 179/75: Luit.-goew. MacClean aan Eduard Cardwell, d.d. Pietermaritzburg, 15 Junie 1865.  
F.O. 97/318, No. 157: Kopie Brief B. Walker aan „Secretary of the Admiralty”, d.d. Simonstad, 20 November 1861.
8. C.O. 48/415: Kopie van vertaling van Portugese protes as bylaag by brief van Foreign Office aan sir Fredrich Rogers, d.d. 3 Maart 1862.

beëindig hy sy betoog met die vraag: „if we are permitted to have the use of this port what is to prevent our exporting slaves?”<sup>9</sup>

Ongeveer dieselfde tyd toe hierdie brief geskryf is, sou 'n afvaardiging van die Swazi sy verskyning in Pietermaritzburg gemaak en teenoor T. Shepstone gekla het dat „Gwenya” besig was om Swazi-gebied binne te dring. In 'n verklaring van ongeveer ses weke later sou 'n gesant van die Swazi teenoor Shepstone verklaar het dat „a white man called 'Gwenya' has, in conjunction with other white men, occupied a portion of the Amaswazi territory”. Na verdere ondersoek, het Shepstone vasgestel dat „Gwenya” niemand anders as McCorkindale was nie. Onmiddellik is hierdie inligting onder die aandag van die Britse regering gebring en is gewaarsku dat as die onrus wat op die wyse onder die Swazi gesaai is, nie tot bedaring gebring word nie, die natuurlike sake in eie hand sal neem. Maar weer eens om McCorkindale behoorlik onder verdenking te bring, word aan die berig toegevoeg dat dit onduidelik is of hy in sy eie belang optree „or whether he is working in the interests of the Transvaal Republic.”<sup>10</sup>

Wodehouse, aan wie 'n afskrif van bogenoemde skrywe gestuur is, is hiermee nog verder op sy hoede gestel. Toe die berig hom bereik het, was hy deur 'n koerantberig uit die Vrystaat ingelig omtrent die planne van McCorkindale en Transvaal en ook dat deur hulle gesamentlik verhoë tot die Vrystaatse regering gerig is om ook tot die skema toe te tree. Wodehouse het daarop die saak met pres. Brand, wat toevallig in Kaapstad was, bespreek. Hoewel hy op daardie stadium te kenne gegee het dat hy van alles niks weet nie, het Wodehouse hom tog meegedeel „that the South side of Delagoa Bay was British Territory and that no such settlement as that in contemplation could be permitted.”<sup>11</sup> Op hierdie stadium was dit dus duidelik dat Wodehouse die McCorkindale-skema nie goedgesind was nie.

Hierby het Wodehouse die saak nie gelaat nie maar nog steeds sonder enige amptelike inligting min of meer gelykluidende briewe aan pres. M. W. Pretorius en McCorkindale geskryf. Hierin word dié here omslagtig ingelig van wat in die Vrystaatse koerant gestaan het en word hulle gewaarsku dat die plek waar hulle die hawe wil bou, sedert jare reeds Britse gebied is. Pretorius word ook openhartig eerlik meegedeel dat McCorkindale tydens sy jongste besoek aan Brittanje meegedeel is „dat geene toestemming gegee sou word vir een 'settlement' in die Baai”.<sup>12</sup>

McCorkindale het hom nie deur dié brief van Wodehouse van stryk laat bring nie. Hy het klaarblyklik 'n troefkaart in sy mou gehad en

9. F.O. 312/12: H. C. Rosseth aan E. L. Layard, d.d. Potchefstroom, 1 Junie 1869.

10. G.H. 9/8: Lt.-goew. Keate aan graaf van Granville, d.d. 17 Junie 1869.

11. G.H. 31/2: Wodehouse aan Keate, d.d. 2 Julie 1869.

12. R.152/4/69: Vertaling van brief van Wodehouse aan Pretorius, d.d. Kaapstad, 10 Julie 1869.

het dit nou met groot doeltreffendheid gespeel en daarmee opnuut bewys gelewer van sy gebrek aan goeie trou teenoor sy Transvaalse vennoot. In sy antwoord aan Wodehouse roep hy 'n gesprek wat gedurende September 1868 tussen hulle in Kaapstad plaasgevind het, in herinnering en meld daarin uitdruklik dat hy van Wodehouse verstaan het dat „he wished for annexation not only of the O.F. State but of the S.A. Republic.” In die lig van hierdie mededeling sou hulle, aldus McCorkindale, in Kaapstad tot 'n verstandhouding gekom het dat McCorkindale in Londen sou vra vir die erkenning van 'n republiek oor die grond wat hy van die Swazi geruil het wat dan as 'n deel van die groter skema, deur Brittanje geannekseer kon word. Wodehouse sou hom in verband met hierdie planne steun belooft het, maar het hom daarna in die steek gelaat.<sup>13</sup>

Wat daarna nog tussen die twee persone plaasgevind het, is nie bekend nie maar sedert Wodehouse die brief van McCorkindale ontvang het, het by hom 'n merkwaardige verandering van gesindheid ingetree. In plaas van die skema vyandiggesind te wees, het hy dit nou met 'n ruime mate van geesdrif by die Koloniale outoriteite aanbeveel. In 'n brief aan graaf Granville maak hy melding van die gunstige ekonomiese vooruitsigte wat die skema bied. In die hoër liggende dele kon graan verbou word en, wat uit Britse oogpunt veral belangrik was, was dat in 'n gebied van ongeveer 2,000,000 akker katoen met sukses verbou sou kon word. Arbeid sal geen probleem wees nie en omdat die graan en katoen naby twee bevaarbare riviere wat in Delagoabaai uitmond verbou sou word, sou die vervoer daarvan ook geen buitensporige onkoste of moeite meebring nie. Alles lyk besonder gunstig en al wat McCorkindale nog verlang „is an assurance from Her Majesty's Government that so long as his operations continue to be of an unobjectionable character, with reference to both Europeans and Natives, they will not consider it their duty to take any active steps for removing him from the shores of Delagoa Bay or hindering his navigation of its tributary streams.” Na hierdie uiteensetting, voeg Wodehouse daaraan toe: „I am inclined to hope that Your Lordship may not be unwilling to concede this much to him.”<sup>14</sup>

Na die ontvangs van bogenoemde brief het die Koloniale Sekretaris wat natuurlikerwys groot waarde aan die standpunt van 'n goewerneur geheg het, ook anders oor die McCorkindale-aangeleentheid begin dink maar 'n besluit oor die saak uitgestel „till I have had an opportunity of personally conferring with you on your return to this country”.<sup>15</sup> Hierdie gesprek het teen die middel van 1870 plaasgevind by welke geleentheid Wodehouse blykbaar die deurslag gegee het omdat die Koloniale kantoor besluit het om aan McCorkindale toestemming te

13. G.H. 11/1: McCorkindale aan Wodehouse, d.d. Pretoria, 5 Augustus 1869.

14. G.H. 23/30: Wodehouse aan graaf Granville, d.d. Kaapstad, 17 November 1869.

15. C.O. 49/61, No. 125: Kopie brief Granville aan Wodehouse, d.d. 3 Maart, 1870.

verleen „to your establishing on sufferance, on the shore of Delagoa Bay such premises as you may need for the landing and shipping of goods.”<sup>16</sup>

Met hierdie vergunning aan McCorkindale het die vraagstuk oor die besitreg van Delagoabaai en omliggende gebied onmiddellik weer aktueel geword, maar eenaardig genoeg het die eerste skuif in verband hiermee nie van Brittanje gekom nie, maar wel van Portugal. Sonder dat Portugal enige kennis gedra het van die vergunning wat aan McCorkindale gemaak is, het Portugal, in werklikheid nog voor finale goedkeuring aan McCorkindale se hawe-plan verleen is, sonder waarskuwing toegeslaan en 'n garnisoen op die eiland Inyaka geplaas.<sup>17</sup>

Die spontane optrede van Portugese kant kan nie aan blote toeval toegeskryf word nie. McCorkindale met sy kenmerkende eiegeregtige voortvarendheid was oorsaak daarvan, want nog terwyl Wodehouse vir hom by die Koloniale kantoor in die bres getree het, het hy met 'n naturelle-hoofman onderhandel en 'n deel van die eiland Inyaka van hom geruil. Alles het blykbaar met die grootste geheimhouding gepaard gegaan omdat die Britse regering eers na sy dood deur sy weduwee in kennis gestel is „that he died on the 1st of May at the McCorkindale Settlement, Island of Inyaka, Delagoa Bay of which he was proprietor.” In die brief spreek sy die verwagting uit dat „the further development of the Settlement will be carried on as originally intended.” Blykbaar het McCorkindale sy bedrywighede nie alleen vir die Britse regering geheim gehou nie, maar sy eie vrou ook nie altyd reg ingelig nie. Dit was gevolglik goewerneur Barkly se taak om haar korrek in te lig. Op 10 Julie 1871 het hy aan haar geskryf: „I must however express my surprise at the assertion in your letter that Mr. McCorkindale was proprietor of Inyaka — that island being a dependency of the Colony of Natal, the Government of which, so far as I am aware, has never granted away any portion of it.” Hy deel haar mee dat McCorkindale op voorwaarde van goeie gedrag sekere regte „on the shore of Delagoa Bay” gekry het, „and it is quite clear that the engagement thus sanctioned by the Earl of Kimberley was one with Mr. McCorkindale personally, and that since his death it has ceased and determined.”<sup>18</sup>

Hoe dit ook al sy, nadat die Portugese troepe by Inyaka aan wal gebring is, is Britse gesag tot so 'n mate uitgedaag dat iets gedoen sou moes word. Klaarblyklik het Brittanje ietwat van 'n gewete oor die saak gehad en om die rede nie aan 'n geweldadige verwydering van die Portugese van die eiland gedink nie. Toe die Portugese kort daarna heeltemal vrywillig hulle troepe van die eiland teruggetrek het

16. C.O. 49/62: Kopie brief Rogers aan McCorkindale, d.d. 29 Julie 1870.

17. C.O. 48/551, No. 9: Luit.-goew. Hay aan graaf Granville, d.d. 2 Augustus 1870.

18. C.O. 48/456, No. 76 en C.O. 48/457, No. 111: Briewe van Barkly aan graaf van Kimberley met Bylae, d.d. Kaapstad, 17 Julie 1871 en 19 September 1871. Vgl. ook G.H. 31/2: Barkly aan mev. McCorkindale, d.d. Kaapstad, 10 Julie 1871.

„pending the negotiations between the British and Portuguese Governments as to the Sovereignty over the Bay of Lourenco Marques,”<sup>19</sup> het ’n nuwe gesindheid ingetree wat aan Britse kant ook verwelkom is. Toe verskillende Britse onderdane daarna aansoek gedoen het om handelstasies aan die kus ten suide van Delagoabaai op te rig, het in die Koloniale kantoor die vraag ontstaan „whether it would not be desirable to endeavour to come to an agreement with the Portuguese Government, as to the precise boundary line between British and Portuguese possessions on the Coast of Africa.”<sup>20</sup>

Toe sake eers eenkeer sover gevorder het, was dit wat daarna gevolg het, ’n blote formaliteit. Die Departement van Buitelandse Sake was begerig om met die Portugese tot ’n verstandhouding te kom, maar sou in eerste instansie dit ’n saak van onderhandeling tussen die twee belanghebbende partye wou maak. Maar ook in dié opsig was die Britte onverklaarbaar toeskietlik. As die Portugese hoegenaamd nie van hulle aansprake wou afstand doen nie, „it would seem expedient to propose an arbitration.”<sup>21</sup> Toe dit daarna duidelik was dat die Portugese nie sou toegee nie, het die Departement van Buitelandse Sake hom met die beginsel van arbitrasie oor Delagoabaai vereenselwig en sy verteenwoordiger in Lissabon opdrag gegee om die saak so aan die Portugese regering te stel.<sup>22</sup> Die Portugese regering het die voorstel oor arbitrasie aanvaar, ook nou die hef stewig in hulle hande gehou en dadelik voorgestel dat Frankryk gevra sal word om as arbiter op te tree. Hiermee het die Britse regering hom vereenselwig<sup>23</sup> en kon die kwessie oor die besitreg van Delagoabaai op ’n vreedsame wyse in die guns van Portugal besleg word.

Prof. A. N. Pelzer

- 
19. C.O. 405/6: Afskrif brief H. T. Holland aan Ondersekretaris, Buitelandse Sake, d.d. Downingstraat, 21 Oktober 1870.
  20. C.O. 405/6: Afskrif brief Holland aan Hammond, d.d. Downingstraat, 17 Junie 1871.
  21. C.O. 405/6: Afskrif brief R. G. W. Herbert namens graaf van Kimberley, d.d. 6 Julie 1871.
  22. C.O. 405/6: Afskrif brief Holland aan Ondersekretaris van Buitelandse Sake, d.d. Downingstraat, 19 September 1871.
  23. C.O. 405/6: Holland aan Hammond, d.d. 15 November 1871.